higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SERTIFIKAAT

# REISKANTOORPROSEDURES N5

(4021165)

**2 Desember 2019 (X-Vraestel)**
**09:00–12:00**

**Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye en 'n ANTWOORDBOEK van 9 bladsye.**

# DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
# REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
REISKANTOORPROSEDURES N5
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

---

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Gebruik die aangehegte ANTWOORDBOEK om die vraestel te beantwoord.
4. Skryf jou EKSAMENNOMMER op die voorblad van die antwoordboek in die ruimte wat verskaf word.
5. GEEN punte sal gegee word vir antwoorde wat in potlood geskryf is nie.
6. Skryf netjies en leesbaar.

---

Kopiereg voorbehou

## VRAAG 1

Teken die brondokumente hier onder in die volgende joernale en algemene grootboek van Treetop Travels vir April 2019 aan:

1.1 Kontantontvangstejoernaal met bykomende kolomme vir Debiteure, Krediteure en Kommissie ontvang (42)

1.2 Kontantbetalingsjoernaal met bykomende kolomme vir Skryfbehoeftes, Krediteure en Lone

Sluit albei joernale op die laaste dag van die maand af. (21)

1.3 Gebruik die inligting in die joernale om die volgende rekeninge in die algemene grootboek op te stel (en te balanseer/op te tel): Krediteure en Toerusting. (10)

Bykomende inligting:

| Saldo's op 1 April 2019: | Kommissiestruktuur: |
|---|---|
| Toerusting – R23 500<br>Krediteure – Mango R5 400<br>SAA R6 900<br>Safair R10 500<br>Totaal R22 800 | Binnelandsevlug-kaartjie – 7%<br>Internasionalevlug-kaartjie – 9%<br>Verblyf en toere – 10%<br>Motorhuur – 15% |

TREETOP TRAVELS — *KWITANSIE* — Nr. R54

Datum: 1 April 2019

Ontvang van: T. Tree

Die bedrag van: Tweehonderd en vyftigduisend rand alleen

R250 000,00

Vir: Kapitaalbydrae

Handtekening: *D Govender*

TREETOP TRAVELS — *KWITANSIE* — Nr. R55

Datum: 1 April 2019

Ontvang van: L. Roux

Die bedrag van: Sesduisend agthonderd rand alleen

R6 800,00

Vir: Vliegkaartjie op BA (JNB – LHR retoer)

Handtekening: *D Govender*

TREETOP TRAVELS — *KWITANSIE* — Nr. R56

Datum: 5 April 2019

Ontvang van: D. Jones

Die bedrag van: Eenduisend agthonderd rand alleen

R1 800,00

Vir: Verblyf Protea Hotel

Handtekening: *D Govender*

TREETOP TRAVELS — *KWITANSIE* — Nr. R57

Datum: 8 April 2019

Ontvang van: F. Fry

Die bedrag van: Tweeduisend tweehonderd rand alleen

R2 200,00

Vir: Vliegkaartjie op Safair (binnelands)

Handtekening: *D Govender*

Kopiereg voorbehou 

TREETOP TRAVELS

*KWITANSIE* Nr. R58

Datum: 10 April 2019

Ontvang van: K. Case

Die bedrag van: Agtduisend rand alleen

R8 000,00

Vir: Op rekening

Handtekening: *D Govender*

TREETOP TRAVELS

*KWITANSIE* Nr. R59

Datum: 10 April 2019

Ontvang van: K. Isaacs

Die bedrag van: Eenhonderd en agtduisend rand alleen

R108 000,00

Vir: Toer vir twee met Thompson Tours

Handtekening: *D Govender*

TREETOP TRAVELS

*KWITANSIE* Nr. R60

Datum: 15 April 2019

Ontvang van: S. Sithole

Die bedrag van: Vyfduisend vyfhonderd rand alleen

R5 500,00

Vir: Huur

Handtekening: *D Govender*

TREETOP TRAVELS

*KWITANSIE* Nr. R61

Datum: 17 April 2019

Ontvang van: M. Miller

Die bedrag van: Eenduisend sewehonderd rand alleen

R1 700,00

Vir: Vliegkaartjie op Mango vir JNB na Durban

Handtekening: *D Govender*

TREETOP TRAVELS

*KWITANSIE* Nr. R62

Datum: 28 April 2019

Ontvang van: N. Ndlovu

Die bedrag van: Tweeduisend negehonderd rand alleen

R2 900,00

Vir: Motorhuur by AVIS

Handtekening: *D Govender*

TREETOP TRAVELS

*KWITANSIE* Nr. R63

Datum: 28 April 2019

Ontvang van: T. Twiggy

Die bedrag van: Vyfduisend eenhonderd rand alleen

R5 100,00

Vir: Op rekening

Handtekening: *D Govender*

## TJEKTEENBLAAIE:

***C85***

**4 April 2019**

Aan: ***Incredible Connection***

Vir: ***Drukker***

| | R | c |
|---|---|---|
| Hierdie tjek | ***8 500*** | ***00*** |

***C86***

**6 April 2019**

Aan: ***Kontant***

Vir: ***Lone***

| | R | c |
|---|---|---|
| Hierdie tjek | ***400*** | ***00*** |

Kopiereg voorbehou
Blaai om asseblief

***C87***

**9 April 2019**

Aan: ***T. Tree***

Vir: ***Eie gebruik***

| | R | c |
|---|---|---|
| Hierdie tjek | ***2 700*** | ***00*** |

***C88***

**12 April 2019**

Aan: ***Safair***

Vir: ***Bedrag verskuldig***

| | R | c |
|---|---|---|
| Hierdie tjek | ***?*** | |

***C89***

**12 April 2019**

Aan: ***Waltons***

Vir: ***Penne en lêers***

| | R | c |
|---|---|---|
| Hierdie tjek | ***1 420*** | ***00*** |

***C90***

**17 April 2019**

Aan: ***Game***

Vir: ***Lessenaars***

| | R | c |
|---|---|---|
| Hierdie tjek | ***3 250*** | ***00*** |

***C91***

**22 April 2019**

Aan: ***Checkers***

Vir: ***Melk, koffie en suiker***

| | R | c |
|---|---|---|
| Hierdie tjek | ***2 200*** | ***00*** |

***C92***

**30 April 2019**

Aan: ***Mango***

Vir: ***Bedrag verskuldig op 1 April 2019***

| | R | c |
|---|---|---|
| Hierdie tjek | ***?*** | |

**[73]**

## VRAAG 2

Nadat die bankstaat en kontantjoernale van Treetop Travels vergelyk is, ontvang jy inligting waarmee jy die volgende moet doen:

2.1 Bring die aanvullende inskrywings in die kontantontvangste- en kontantbetalingsjoernaal aan (slegs Bank-kolom). (10)

2.2 Skryf slegs die totale van die joernale na die algemene grootboek oor en balanseer die rekening. (7)

2.3 Stel 'n bankrekonsiliasiestaat op 31 Januarie 2019 op om die saldo van die bankrekening met dié van die bankstaat te rekonsilieer. (10)

Kopiereg voorbehou 

INLIGTING:

a) Die bankstaat het ŉ kredietsaldo van R529 000 getoon.

b) Die bankrekening het ŉ debietsaldo van R521 520 op 1 Januarie 2019 getoon.

c) Die totaal van die Bank-kolom in die kontantontvangstejoernaal op 31 Januarie 2019 was R120 850.

d) Die totaal van die Bank-kolom in die kontantbetalingsjoernaal op 31 Januarie 2019 was R101 325.

e) Bankfooie volgens die bankstaat het R850 beloop.

f) ŉ Deposito van R15 750 van T. Mbongo is op die laaste dag van die maand ontvang. Die bedrag verskyn in die kontantontvangstejoernaal, maar nie op die bankstaat nie.

g) ŉ Debietorder ten gunste van Telkom is op ons bankstaat gedebiteer, R5 725.

h) ŉ Kredietinskrywing op die bankstaat is vir ŉ deposito wat G. George direk in ons bankrekening betaal het, R24 360.

i) Die volgende tjeks is nog nie vir betaling voorgelê nie:

| | |
|---|---|
| #867 | R6 700 |
| #882 | R3 200 |
| #889 | R18 830 |

j) ŉ VNT-tjek (verwys na trekker) is deur die bank teruggestuur omdat dit vooruitgedateer was. Die tjek vir R15 880 is van T. Smith ontvang.

k) Twee deposito's van M. Morrison, R36 100 en R5 250, verskyn nie op ons bankstaat nie, maar is wel in ons kontantontvangstejoernaal aangeteken.

l) ŉ Deposito wat direk in ons bankrekening deur D. Manyana betaal is, verskyn nog nie in die kontantontvangstejoernaal nie, R28 020.

m) ŉ Debietorder ten gunste van Outsurance vir R13 600 is van ons bankrekening afgetrek.

**[27]**

Kopiereg voorbehou

## VRAAG 3

Gebruik die volgende foutiewe proefbalans van Treetop Travels verskaf op 31 Mei 2019 om die volgende te voltooi:

3.1 Reggestelde proefbalans van Treetop Travels op 31 Mei 2019 (27)

3.2 Die volgende afdelings van die balansstaat van Treetop Travels op 31 Mei 2019:

(a) Langtermynlaste (2)
(b) Vaste bates (4)
(c) Netto bedryfskapitaal (6)

| | **DEBIET** | **KREDIET** |
|---|---|---|
| Advertensies | | 2 550 |
| Bank | | 208 200 |
| Debiteure | | 39 500 |
| Elektrisiteit | | 6 500 |
| Huur betaal | | 72 000 |
| Kantooruitgawes | | 1 200 |
| Kapitaal | | 550 000 |
| Kleinkas | | 1 000 |
| Kommissie ontvang | | 123 000 |
| Krediteure | | 21 300 |
| Lening: DD Bank | | 162 800 |
| Lone | | 20 000 |
| Meubels | | 33 000 |
| Onttrekkings | | 23 000 |
| Posgeld | | 820 |
| Rente op lening | | 3 880 |
| Rente op tjekrekening | | 900 |
| Rente op vaste deposito | | 1 600 |
| Salarisse | | 150 000 |
| Skryfbehoeftes | | 1 620 |
| Telefoon | | 3 930 |
| Toerusting | | 58 000 |
| Vaste deposito: FNB | | 55 200 |
| Versekering | | 8 300 |
| Verversings | | 2 900 |
| Voertuie | | 168 000 |
| | | 1 719 200 |
| | | |

**[39]**

Kopiereg voorbehou

**VRAAG 4**

Jy is in beheer van die kleinkas by Treetop Travels en moet die kleinkasrekening in die algemene grootboek vir Junie 2019 opstel. Die voorskotbedrag van die kleinkas is R5 000.

Doen al die inskrywings en balanseer die rekening deur die volgende inligting te gebruik:

- Die saldo van die kleinkasrekening op 1 Junie 2019 was R5 000.
- Jy het R2 000 van die hoofkassier op 10 Junie 2019 ontvang.
- Jy het ŉ verdere R1 000 van die hoofkassier op 20 Junie 2019 ontvang.
- Die totaal van die kleinkasbetalings het R8 200 in Junie 2019 beloop.
- Jy het op 30 Junie 2019 ŉ bedrag van die hoofkassier ontvang om die voorskotbedrag terug te betaal. **[11]**

**TOTAAL AFDELING A: 150**

**AFDELING B**

**VRAAG 5**

5.1 ŉ Ooreenkoms word eers ŉ kontrak wanneer daar aan sekere vereistes voldoen is. ŉ Paar van hierdie vereistes word hier onder gelys. Verduidelik in jou eie woorde wat elke vereiste beteken.

5.1.1 Die ooreenkoms moet wettig wees.

5.1.2 Die partye moet handelingsbevoegdheid hê.

5.1.3 Die ooreenkoms moet nie vaag wees nie.

5.1.4 Uitvoering moet moontlik wees.

5.1.5 Die nodige formaliteite moet gehandhaaf word.

(5 × 2) (10)

5.2 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (5.2.1–5.2.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

5.2.1 Die kredietontvanger moet aan die kredietverskaffer kennis van beëindiging van die kontrak gee wanneer daar van die afkoelklousule gebruik gemaak word.

5.2.2 Die afkoelperiode van vyf dae sluit openbare vakansiedae in.

Kopiereg voorbehou Blaai om asseblief

5.2.3 Die aanvangsbetaling/-deposito moet in kredietooreenkomste gestel word.

5.2.4 ŉ Koper van ŉ artikel word die eienaar met lewering van die artikel.

5.2.5 ŉ Minderjarige jonger as 16 jaar mag ŉ wettige testament opstel.
(5 × 1) (5)

5.3 Handelingsbevoegdheid van die betrokke partye is een van die vereistes van ŉ wettige kontrak. Bespreek die handelingsbevoegdheid van die volgende partye:

5.3.1 Minderjariges

5.3.2 Verstandelik gestremde mense

5.3.3 ŉ Vrou wat buite gemeenskap van goedere getroud is
(3 × 2) (6)

5.4 Alle partye moet vrye instemming gee wanneer ŉ kontrak aangegaan word. Soms is vrye of wedersydse instemming egter om verskeie redes afwesig. Noem en verduidelik DRIE sulke redes en gee ŉ voorbeeld van elkeen. (3 × 3) (9)

5.5 Daar is sekere omstandighede waarin ŉ minderjarige ŉ geldige kontrak mag aangaan. Statutêre uitsonderings is een hiervan. Noem nog VYF. (5)

5.6 Volgens die Wet op Kredietooreenkomste moet die kredietontvanger sekere dokumentasie toon wanneer daar om krediet aansoek gedoen word. Gee VYF voorbeelde van sulke dokumentasie en gee ook ŉ definisie van ŉ kredietooreenkoms. (5 + 3) (8)

5.7 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (5.7.1–5.7.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

5.7.1 Lewering met die kort hand beteken …

A werklike lewering.
B dat die verkoper as ŉ agent vir die koper optree.
C dat die verkoper die goedere vir die koper uitwys.
D dat die goedere reeds in die koper se besit is.

5.7.2 ŉ Ander woord vir goedere is …

A mix.
B minx.
C merz.
D merx.

5.7.3 Watter een is NIE ŉ vereiste vir ŉ geldige aanbod nie?

A Dit moet gekommunikeer word.
B Dit moet skriftelik wees.
C Dit kan vir die publiek wees.
D Dit moet duidelik en ondubbelsinnig wees.

5.7.4 Watter een van die volgende lande het ŉ invloed op die Suid-Afrikaanse regstelsel gehad?

A Spanje
B Namibië
C Die Verenigde State van Amerika
D Engeland

5.7.5 Watter een van die volgende goedere kan verkoop word?

A Die Two Oceans-akwarium
B Mense
C Tafelberg
D Die Atlantiese Oseaan

(5 × 1) (5)

5.8 Noem enige TWEE bepalings wat deur die nuutste Kredietwet gedek word. (2)

**TOTAAL AFDELING B: 50**
**GROOTTOTAAL: 200**

**REISKANTOORPROSEDURES N5**

**ANTWOORDBOEK**

**EKSAMENNOMMER:**

| | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | | | | | | |

**SENTRUMNOMMER:**

| | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | | | | |

| VRAAG | NASIENER | HOOFNASIENER | INTERNE MODERATOR |
|---|---|---|---|
| 1 | | | |
| 2 | | | |
| 3 | | | |
| 4 | | | |
| 5 | | | |
| TOTAAL | /200 | /200 | /200 |
| | % | % | % |

Kopiereg voorbehou 

## VRAAG 1.1

## KONTANTONTVANGSTEJOERNAAL VAN TREETOP TRAVELS VIR APRIL 2019

| Dok. nr. | Dag | Besonderhede | Besonderhede van diverse items | Fol. | Divers | | Debiteure | | Krediteure | | Kommissie ontvang | | Ontleding van kwitansies | | Bank | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | | | |

(42)

Kopiereg voorbehou

## VRAAG 1.2

## KONTANTBETALINGSJOERNAAL VAN TREETOP TRAVELS VIR APRIL 2019

| Dok. nr. | Dag | Ontvanger | Besonderhede van diverse items | Fol. | Diverse | | Skryfbehoeftes | | Krediteure | | Lone | | Bank | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | |

(21)

Kopiereg voorbehou

## 1.1 ALGEMENE GROOTBOEK VAN TREETOP TRAVELS

| KREDITEURE | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | |

| TOERUSTING | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | |

(10)
**[73]**

## VRAAG 2

### 2.1

| KONTANTONTVANGSTEJOERNAAL | KONTANTBETALINGSJOERNAAL |
|---|---|
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |

(10)

### 2.2 ALGEMENE GROOTBOEK VAN TREETOP TRAVELS

| BANK | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | |

(7)

### 2.3 BANKREKONSILIASIESTAAT VAN TREETOP TRAVELS OP 31 JANUARIE 2019

| | DEBIET | KREDIET |
|---|---|---|
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |

(10)

**[27]**

## 3.1 PROEFBALANS VAN TREETOP TRAVELS OP 31 MEI 2019

| | DEBIET | | KREDIET | |
|---|---|---|---|---|
| | | | | |
| | | | | |
| | | | | |
| | | | | |
| | | | | |
| | | | | |
| | | | | |
| | | | | |
| | | | | |
| | | | | |
| | | | | |
| | | | | |
| | | | | |
| | | | | |
| | | | | |
| | | | | |
| | | | | |
| | | | | |
| | | | | |
| | | | | |
| | | | | |
| | | | | |
| | | | | |
| | | | | |
| | | | | |
| | | | | |
| | | | | |
| | | | | |
| | | | | |
| | | | | |
| | | | | |
| | | | | |
| | | | | |
| | | | | |
| | | | | |
| | | | | |
| | | | | |
| | | | | |
| | | | | |
| | | | | |
| | | | | |
| | | | | |

(27)

Kopiereg voorbehou

3.2 a) LANGTERMYNLASTE

| LANGTERMYNLASTE | | |
|---|---|---|
| | | |

(2)

3.2 b) VASTE BATES

| VASTE BATES | | |
|---|---|---|
| | | |
| | | |
| | | |

(4)

3.3 c) NETTO BEDRYFSKAPITAAL

| NETTO BEDRYFSKAPITAAL | | | |
|---|---|---|---|
| | | | |
| | | | |
| | | | |
| | | | |
| | | | |

(6)
**[39]**

**VRAAG 4**

**ALGEMENE GROOTBOEK VAN TREETOP TRAVELS**

| **KLEINKAS** | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | |

**[11]**

**TOTAAL AFDELING A: 150**

## AFDELING B

### VRAAG 5

5.1 5.1.1 ______________________________

5.1.2 ______________________________

5.1.3 ______________________________

5.1.4 ______________________________

5.1.5 ______________________________

(5 × 2) (10)

5.2 5.2.1 ______________________________

5.2.2 ______________________________

5.2.3 ______________________________

5.2.4 ______________________________

5.2.5 ______________________________

(5 × 1) (5)

5.3 5.3.1 ______________________________

5.3.2 ______________________________

5.3.3 ______________________________

(3 × 2) (6)

Kopiereg voorbehou 

5.4

(3 × 3) (9)

5.5

(5)

5.6

(5 + 3) (8)

5.7
5.7.1
5.7.2
5.7.3
5.7.4
5.7.5

(5 × 1) (5)

5.8

(2)

**TOTAAL AFDELING B: 50**
**GROOTTOTAAL: 200**

Kopiereg voorbehou